NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, van wie almal 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen besprekings of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word erken dat daar verskillende sienings oor sommige sake van klem of detail in die riglyne kan wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

VRAAG 1

Gee 'n kritiese beoordeling van die Sowjetunie se sukses om 'n invloedsfeer in Kuba tussen 1959 en 1962 te skep.

Argument:

Kandidaat moet (waar van toepassing) sowel areas van sukses as ondersoek in terme van die Sowjetunie se sukses om 'n invloedsfeer in Kuba te skep.

Konteks:

- Algemene Koue Oorlog konteks en die strewe om invloedsfere deur sowel die Verenigde State as die USSR te skep
- Kuba as 'n strategiese punt vir die USSR as gevolg van sy ligging na aan die Verenigde State
- Amerikaanse invloed in Kuba voor 1959, die Batista-regime en Amerikaanse sakebelange
- Fidel Castro en die 26ste Julie-beweging (nasionalisties), insluitende Guevara (kommunisties). Aanvanklike Amerikaanse steun.

Inhoud:

[Kernfeite word deur 'n asterisk aangedui]

- Castro se beweging werp Batista in 1959 omver, nasionaliseer nywerhede en blameer die Verenigde State vir armoede
- Verenigde State is nie bereid om die nuwe regering, **wat hulp van die USSR soek**, te help nie * – *op hierdie stadium lyk dit dus of die USSR 'n belangstellingsfeer suksesvol ontwikkel as hulle 'n bondgenootskap met Kuba handhaaf*
- Uit vrees vir groter Sowjet-invloed, staak die VSA die aankoop van Kubaanse suiker (Julie 1960), staak alle verdere handel (Oktober 1960) en verbreek uiteindelik diplomatieke betrekkinge (Januarie 1961) – *wat 'n gaping vir die USSR laat om 'n invloedsfeer te skep*
- In plaas daarvan om te kapituleer, **soek Kuba hulp van die USSR, wat die suikerhandel opneem, ekonomiese en militêre hulp stuur** * – *wat die Sowjet-invloed in Kuba versterk*
- Bay of Pigs-inval – mislukte poging deur die Verenigde State en Kubaanse vlugtelinge om Castro omver te werp – lei daartoe dat **Castro beskerming van Khrushchev versoek [uitkoms, nie die besonderhede van die inval self nie]** * – *wat Kuba as 'n Sowjet-invloedsfeer vestig*
- Khrushchev beskou Kuba as strategies belangrik en wil die kernbedreiging van Amerikaanse kernwapens in Turkye balanseer. **Oorreed Castro om Sowjet-kern-missielbasisse in Kuba** (die eerste buite die USSR) toe te laat – *gebruik as 'n kernmissielterrein toon dat Kuba deel geword het van die USSR se invloedsfeer, alhoewel Castro nie 'n Sowjet-satelliet wou word nie*
- **Konstruksie van basisse** begin in September 1962, Amerikaanse spioenasievliegtuig identifiseer basisse vroeg in Oktober, wat die Kubaanse missielkrisis laat ontstaan. Sowjet-troepe in Kuba om die missielbasisse te beman (in die geheim ingebring deur hulle as toeriste voor te doen), *poog verder om invloed uit te oefen*

IEB Copyright © 2024

- **Optrede van die Sowjetunie tydens die Kubaanse missielkrisis om hul invloedsfeer in Kuba te behou *:**
  - Glo dat die missiele 'n geheim was, ontmoeting tussen Kennedy en Gromyko – laasgenoemde dring aan dat die Verenigde State ophou inmeng in Kuba en poog om hul invloed te versterk deur nog 'n moontlike staatsgreeppoging te vermy
  - VSA blokkeer Kuba (plaas Kuba in kwarantyn), Khrushchev reageer deur te beveel dat Kubaanse magte slegs kernmissiele mag lanseer in direkte opdrag van die Kremlin – op hierdie stadium is daar dus 'n aansienlike mate van invloed oor Kubaanse besluitneming
  - Khrushchev stuur 'n boodskap aan Kennedy waarin hy die VSA van seerowery beskuldig en beweer dat die wapens **slegs defensief is en daar is om hul bondgenoot te beskerm**, wat bewys dat Kuba inderdaad deel van die Sowjet-invloedsfeer was
  - Khrushchev beveel sommige Sowjet-skepe op pad Kuba toe om terug te keer, maar wou dat een skip Kuba bereik voordat die blokkade volledig in plek is
  - Teen 24 Oktober stuur Khrushchev nog 'n brief aan Kennedy waarin hy sê dat hy nie oorlog wil hê nie, maar hy dreig met vernietiging as die Verenigde State oorlog sou ontlok
  - Teen 26 Oktober is Khrushchev gereed om te onderhandel (stem ook in tot die VN/U Thant-plan vir onderhandeling) en stel voor dat die USSR die missiele sal verwyder as **die Verenigde State onderneem om Kuba nie binne te val nie** – hy stel dus 'n kompromie voor **om die invloedsfeer te beveilig en te beskerm**
  - Castro reageer woedend en gee opdrag wat Kubaanse magte toelaat om op Amerikaanse vliegtuie te skiet – dui daarop dat die Sowjet-invloed nie so sterk is nie, aangesien Castro besluite neem wat teenstrydig met die wense van die Sowjetunie is
  - Khrushchev se brief van 27 Oktober stel die verwydering van Turkse missiele voor (reaksie op geheime ontmoeting tussen Dobrynin en Robert Kennedy)
  - Op 28 Oktober stem die VSA in tot Khrushchev se kompromie, met dien verstande dat die verwydering van Turkse missiele later en in die geheim sal plaasvind; **sodoende sal die Kubaanse missielkrisis beëindig word**. **Die USSR verseker hul invloedsfeer deur die versekering te kry dat die Verenigde State nie sal aanval nie, maar dat hulle moet oorgee en hul kernwapens verwyder**, wat die doeltreffendheid van Kuba as 'n invloedsfeer verswak
  - Castro is kwaad oor die verwydering van Sowjet-missiele, beskou dit as verraad, wat (gevolglik) die verhouding en invloedsfeer ietwat verswak

OF

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Gee 'n kritiese beoordeling van die sukses van die Burgerregtebeweging om gelyke onderwys in die Verenigde State tussen 1954 en 1962 te verseker.

Argument:

Kandidaat moet (waar van toepassing) die suksesse sowel as mislukkings van die Burgerregtebeweging oorweeg in die stryd vir gelyke onderwys in die Verenigde State.

Konteks:

- **Rassisme en segregasie in die Verenigde State** – "Jim Crow"-wette in die Suide na aanleiding van Plessy v Ferguson. Onderwys van Afro-Amerikaners is ook negatief deur ekonomiese ongelykhede beïnvloed
- Skepping van Burgerregte-organisasies, bv. NAACP
- NAACP se Regsverdedigingsfonds bring sedert die 1930's sake voor die hof
- **Gesegregeerde onderwys** is in die meeste Suidelike state deur die wet afgedwing, en in ander state was gesegregeerde onderwys opsioneel. Slegs in die meeste Noordelike state is gesegregeerde onderwys verbied.
- HBCU's regoor die Verenigde State verskaf wel uitstekende onderwys aan swart kollegestudente wat toegang daartoe kan verkry. Party swart sekondêre skole is ook baie sterk, met kurrikulums wat baie meer progressief is as by baie skole wat histories wit is.

Inhoud:

[Kernfeite word deur 'n asterisk aangedui]

- **Brown v Board of Education van Topeka, Kansas (1954)** *
  - NAACP Regverdedigingsfonds snoer vyf sake saam in 'n **Siviele Geding voor die Hooggeregshof**. Hoofeiser Oliver Brown.
  - Saak aangevoer deur Thurgood Marshall en 'n groot span regskenners en sosiale wetenskaplikes
  - Hoofregter Earl Warren verklaar **segregasie in skole inherent ongelyk en dus ongrondwetlik**, wat **die besluit in Plessy v Ferguson effektief omverwerp** *en gevolglik 'n sukses vir die Burgerregtebeweging behels om gelyke onderwys te verseker, aangesien die belangrikste grondwetlike hindernis reggestel is*.
  - **Geen spesifieke tydlyn vir desegregasie** word egter vasgestel nie. Eers in 1955 reik die Hooggeregshof 'n opvolgbevel (Brown II) uit dat desegregasie 'teen 'n doelbewuste tempo' moet plaasvind.
  - 'n Aantal skole in die Suide gebruik dit om **desegregasie te vertraag en ignoreer die Hooggeregshofbevel effektief**, *wat aandui dat, hoewel hulle 'n regsege in Brown v Board behaal het, Burgerregte-organisasies nie in staat is om gelyke onderwys in die praktyk te verseker nie*.
  - Teenstand van wit oppergesag in die Suide en sommige Afro-Amerikaners wat **vergelding en mishandeling in gedesegregeerde skole** vrees
- Hofsake na Brown [opsionele inhoud]
  - NAACP maak sake aanhangig teen individuele skooldistrikte wat versuim om te integreer
  - Eers in 1968 en 1971 (veel later) is daar meer konkrete Hooggeregshof-uitsprake wat *dui op 'n mislukte poging om teen 1962 gelyke onderwys te verseker.*

IEB Copyright © 2024

- **Little Rock Nine (1957)** *
  - Om die toepassing van Brown v Board te toets en **die regering en die samelewing se aandag** op die gebrek aan implementering te vestig
  - NAACP-afdeling in Arkansas (gelei deur Daisy Bates) werf nege studente om by **Central High in Little Rock, Arkansas in te skryf**
  - Arkansas-goewerneur Orville Faubus onderneem om nie integrasie toe te laat nie en **stuur staatstroepe om die nege toegang te weier**
  - Agt gaan per motor saam met Bates, Elizabeth Eckford kry nie die boodskap nie en arriveer alleen, sy word **geteister deur 'n wit groep** *wat aandui dat alhoewel daar wetlike vooruitgang is, werklike integrasie en gelyke onderwys die samelewing se houding moet verander en baie meer uitdagend moet wees om sukses te bereik*
  - Die Nege is toegang geweier, en kon drie weke later slegs toegang verkry deur by 'n sydeur in te glip. Onluste breek op straat uit as die groep hiervan uitvind. Eisenhower moes troepe stuur om orde te handhaaf, hoewel laasgenoemde **versigtig was om dit voorheen te doen, aangesien hy gesê het dat hy nie federale troepe sou gebruik om desegregasie af te dwing nie** – verskuiwing in die posisie van die Federale Regering na meer direkte handhawing dui op sukses in die aansporing van regeringsoptrede.
  - Die troepe bly die volle skooljaar by die skool, en leerders is **steeds onderwerp aan afknouery, rassisme en teistering**; *dus 'n gemengde resultaat vir die NAACP en Burgerregtebeweging oor die algemeen, aangesien hulle die probleem van integrasie openbaar gemaak het, en daarin geslaag het om die kinders by die skool in te kry, maar hul opvoeding was steeds belemmer en kon nie werklik as gelyk beskou word nie*
  - Die volgende jaar sluit Faubus alle skole in die distrik, *aangesien die goewerneur steeds beduidende mag het om integrasie te voorkom ten spyte van die werk van die Burgerregtebeweging*
- **Ruby Bridges (1960)** [opsionele inhoud – bewyse van ekstra leeswerk]
  - Eerste swart laerskoolleerling in die Suide (Louisiana)
  - Vier jaar ná Brown beveel die federale regering skole in Louisiana om te desegregeer – *daar is 'n mate van vordering met toegang tot gelyke onderwys, maar dit vind stadig plaas*
  - *Toegang tot onderwys is steeds ongelyk*, aangesien swart studente 'n toelatingseksamen moet skryf om in te skryf, terwyl daar nie van wit studente verwag word om dit te doen nie. Bridges is een van slegs ses swart studente in New Orleans wat hierdie eksamen slaag
  - Federale beamptes moet Bridges skool toe vergesel, en slegs een onderwyser is bereid om haar, in 'n aparte klas, te onderrig – *alhoewel sy toegang het*, *is dit nie gelyke onderrig nie*. Daarbenewens is haar pa afgedank, en haar grootouers is van hul grond afgesit
- **James Meredith (1962)** *
  - **Wil by die Universiteit van Mississippi (Ole Miss), 'n gesegregeerde universiteit, inskryf**. Mississippi goewerneur Ross Barnett wil hierdie inskrywing verhoed. Die universiteit weier hom toelating en reageer nie op sy navrae nie
  - Meredith dagvaar die universiteit en die saak gaan uiteindelik met die hulp van die NAACP na die Hooggeregshof – *alhoewel Suidelike state probeer om die Brown-besluit te ignoreer, het Afro-Amerikaners toegang tot die reg weens die presedent wat deur die Brown-saak geskep is*
  - **Die hof beslis in sy guns**, maar Barnett probeer steeds sy toelating verhoed. Daar moet direk met prokureur-generaal Robert Kennedy onderhandel word om aan die uitspraak te voldoen. **Meredith word deur 500 Amerikaanse wetstoepassers vergesel, wat deur 'n gewelddadige skare aangeval word**. **Federale troepe word**

ingestuur om die geweld te beëindig, *wat aandui dat daar agt jaar ná Brown steeds beduidende uitdagings vir gelyke onderwys is*
– **Meredith kon sy graad voltooi**, vir 'n hele jaar vergesel deur VS-wetstoepassers en gradueer in 1963 met 'n BA – *'n geskiedkundige oomblik en oorwinning*
– *Teen 1962 was die grondslag vir gelyke onderwys deur voortgesette optrede van die Burgerregtebeweging gelê, maar dit sou baie jare duur voordat tasbare verandering bereik kon word*.

OF

VRAAG 3

Gee 'n kritiese beoordeling van die sukses van interne weerstand om Botha se hervormings tussen 1979 en 1989 effektief uit te daag.

Argument:

Kandidate moet sowel die suksesse as mislukkings (waar van toepassing) van interne weerstand om Botha se hervormings teen te staan en uit te daag, krities beoordeel. Hierdie opstel fokus op die hervormings en reaksies op hierdie hervormings, nie op onderdrukkende maatreëls nie (alhoewel voorbeelde van regeringsonderdrukking gebruik kan word as deel van 'n beoordeling van die sukses van weerstand). Kandidate hoef nie te toon dat die verset in staat was om die regime heeltemal omver te werp nie, maar eerder die voorgestelde hervormings uitdaag / standpunt inneem teen / konfronteer / trotseer.

Konteks:

- 1973-werkerstakings en 1976-opstand laat protes teen apartheid herleef
- Toenemende aanvalle deur MK, groei van die vakbondbeweging ten spyte van wetlike beperkings, en groei van voetsoolvlak-organisasies plaas druk op die apartheids-regering
- Botha Eerste Minister van 1978 en dan President van 1984–1989
- Botha besef dat hy veranderings aan die stelsel moet aanbring, maar is glad nie bereid om meer politieke of ekonomiese mag aan die swart meerderheid toe te ken nie. Sy hervormings is grootliks kosmeties

Inhoud:

[Kernfeite word deur 'n asterisk aangedui]

- **Vakbonde/arbeidsbeweging teen Botha se wetgewing oor swart vakbonde groei** *
  – Na die 1973-stakings word Wiehahn-kommissie aangestel om toenemende stakingsaktiwiteit te ondersoek. Beveel die wettiging van swart vakbonde en die afskaffing van werkreservering aan (konteks)
  – Botha aanvaar hierdie aanbevelings en glo dat dit arbeidsoptrede sal verminder; hy **wettig swart en veelrassige vakbonde in 1979**
  – Gefedereerde vakbonde kom onmiddellik tot stand, bv. FOSATU, en later andere soos CUSA, AZACTU, **COSATU**
  – Debat in vakbonde oor registrasie (totdat wetswysiging in 1981 die regering toesig oor ongeregistreerde vakbonde gee – *'n beperking op hul sukses*) sowel as debatte oor die vraag of slegs werker-kwessies hanteer moet word of ook groter politieke kwessies (populisties) – *dit kan beskou word as 'n belemmering van die sukses van die arbeidersbeweging om die hervormings uit te daag*

  - Teen 1985 is die populistiese posisie sterker en dit lei tot die stigting van COSATU, wat verbonde is aan die ANC en SAKP
  - **Vakbonde betrek die massas by die stryd teen apartheid en hernu die krag van massaprotes**, *dus weerstaan die vakbonde Botha se pogings om hulle te beheer en hou aan groei, wat 'n toenemende uitdaging bied*.
    - 1984 en 1987 mynwerkerstakings
    - 1988 algemene staking (1 miljoen werkers, COSATU)
    - Betrokkenheid by die 1989 weerstandveldtog (geselekteerde voorbeelde mag gebruik word.)
    - Vakbondbetrokkenheid 'n groot rede vir meer druk op Botha en die NP, sodat hulle uiteindelik tot onderhandeling gedwing word
    - *Vakbonde en die arbeidersbeweging kon dus 'n uitdaging aan die staat bied*
- Totstandkoming van **nuwe organisasies om die Driekamerparlement teen te staan***
  - 1983 nuwe grondwet, poog om Indiër- en bruinmense by die politieke stelsel te betrek terwyl wit mag steeds behou word
  - Totstandkoming van Volksraad, Raad van Afgevaardigdes en Raad van Verteenwoordigers
  - Wit Parlement groter as die ander twee huise saam en kan stemmery oorheers. President en wit Kabinet besluit watter kwessies 'eie sake' of 'algemene sake' is. President het finale sê oor enige wette, dus slegs 'n skyn-hervorming. Swartmense uitgesluit (sien SPO's hieronder)
  - *Wydverspreide ontevredenheid met die nuwe grondwet en boikotte van verkiesings*
  - **UDF** * en Nasionale Forum in 1983 geskep om die Driekamerparlement teen te staan *en word organisasies wat **verhoogde protes teen apartheid in die 1980's koördineer**. Hierdie organisasies is dus suksesvol om die hervormings uit te daag*
  - Suksesvolle **boikotte van die verkiesings** (slegs 10% van stemgeregtigde kiesers stem) takel die wettigheid van die nuwe stelsel af *en behaal dus 'n hoë mate van sukses, alhoewel die regering volstaan met die Driekamerstelsel*
  - 1984 Miljoen handtekeninge-veldtog
  - UDF gaan voort om betogings gedurende die 1980's te koördineer
    - Noue bande met ANC, COSATU, SAKP
    - Grootste en doeltreffendste interne protesorganisasie
    - *Struktuur as losweg 'n front/sambreelorganisasie maak dit vir die regering moeilik om die UDF te beheer. UDF is spesifiek gestig om een van Botha se hervormings teen te staan en groei tot 'n meer omvattende massabeweging wat die staat regdeur die 1980's uitdaag*
    - **Regering verbied UDF** om *sy sukses tydelik te beperk*, maar geaffilieerde organisasies hervorm onder die vaandel van die ***Massa Demokratiese Beweging***
    - **Jaar** van massaoptrede/1989 Versetveldtog – *die finale protes teen apartheid wat die sukses van verset aandui deurdat voortgesette weerstand die regering daartoe dwing om hul hoop op hervorming, maar instandhouding van apartheid, te laat vaar, en hulle na die onderhandelingstafel dwing*.
  - UDF gaan voort met nasionale veldtogte teen die apartheidstaat en 'hervormings' soos:
    - Steun vir verset teen die tuislande-beleid (tuislandbeleid) (bv. in Ciskei, Mdantsane Busboikot)
- **Stigting van burgerlike organisasies** (civics) om die Wet op Swart Plaaslike Owerhede teen te staan * (kan bespreek word as deel van die Township-opstand of omgekeerd)
  - Botha se hervormings skep dorpsrade om toesig te hou oor township-aangeleenthede, huur, dienste – verantwoordbaar aan staat

IEB Copyright © 2024

- Die skepping van burgerlike organisasies om die SPO's teen te staan en as alternatiewe voetsoolvlak-instellings in die townships
- Algehele verwerping van die SPO's in die townships – geweld teen raadslede wat hulle dwing om te bedank of pad te gee
- *Burgerlike organisasies word 'n kragtige organiserende krag in die toenemende opstand teen die NP, wat boikotte en wegblyaksies koördineer en afdwing. Interne weerstand kon dus Botha se hervormings direk en suksesvol trotseer.*

- **Township Opstand 1984–1986** *
  - Kandidate moet op een of ander manier verwys na geweld/ konflik/ opstand in die townships en op grondvlak, maar moet nie penaliseer as die verwysing nie spesifiek na die Township-opstand by daardie naam is nie. Kandidate mag ook hierdie bespreking verweef in hul bespreking aangesien dit oor verskeie hervormings-/weerstandsorganisasies strek.
  - Begin in 1984 in die Vaaldriehoek weens polisiegeweld in reaksie op huurboikotte (ook Gugulethu en Mitchells Plain)
  - Volgehoue opstand teen apartheid, gekoördineer deur UDF en burgerlike organisasies – **huur-, skool- en busboikotte; geweld teen 'medewerkers'; stakings en wegblyaksies**, bv. November 1984 grootste studente- en werkerwegblyaksie sedert die 1960's; geweld tussen polisie/weermag en townshipinwoners; ANC/IVP vyandelikhede; 1985-oproep deur ANC om **"townships onregeerbaar te maak"**
  - Word eers teen 1986 met moeite onderdruk, sluimerende opstand duur voor
    - Kandidate kan bespreek hoe die sukses van hierdie weerstand beperk/verswak is deur verdelings tussen groepe in die townships.
  - *Die Township-opstand is die grootste, mees wydverspreide en volgehoue pstand teen apartheid tot dusver, wat toon dat interne weerstand die hervormings uitgedaag en 'n wesenlike uitdaging ingehou het.*
    - Kandidate kan ook die volgende interne voorbeelde van weerstand (opsioneel) bespreek maar moet hulle aan hervormings koppel
    - ECC en die Black Sash
      - Wit groepe verskerp hul optrede teen apartheid in die 1980's
    - Godsdienstige opposisie
      - 1985 Kairos-dokument (Christelike denominasies)
      - Tutu, Chikane, Naude, SARK
      - Oproep vir geregtigheid van Moslems en Jode
    - Studente en jongmense
      - 1979 stigting van COSAS en AZASO
      - Toenemende militantheid van NUSAS
      - Nasionale Onderwyskrisiskomitee

IEB Copyright © 2024

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

VRAAG 4

Verduidelik hoe die Verenigde State teen 1955 'n invloedsfeer in Europa geskep het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het daartoe gelei dat die Verenigde State ná 1945 'n invloedsfeer in Europa geskep het?
(b) Watter optrede het die Verenigde State uitgevoer om teen 1955 'n invloedsfeer in Europa te skep?
(c) Watter impak het die Verenigde State se invloedsfeer in Europa op die Koue Oorlog gehad?

- **Na-oorlogse konferensies en Sowjet-indringing in Oos-Europa**
  - **Jalta en Potsdam** – besluite oor die toekoms van na-oorlogse Europa, **besluite oor veral Duitsland** – verdeling van Duitsland en Berlin spanning rondom moontlike invloedsfere
  - Toenemende spanning tussen die USSR en die Verenigde State, meningsverskille oor 'n tweede front, die atoombom – ineenstorting van **die Groot Alliansie/ wantroue tussen die VSA en die USSR** laat die Verenigde State die moontlike Sowjet-mag vrees
  - **USSR het beheer oor Oos-Europa** sedert hulle daardie lande van Nazi-heerskappy bevry en die Baltiese lande in 1941 geannekseer het, en 'People's Democracies' geïnstalleer het met 'n groot mate van beheer van Moskou ten spyte van die ooreenkomste by Jalta en Potsdam. Die **Verenigde State wil verdere verspreiding voorkom** deur 'n eie invloedsfeer te skep
  - Kennan se Long Telegram en **Churchill se Ystergordyn-toespraak/ Ystergordyn** verhoog Amerikaanse vrees vir Sowjet-voornemens en dra by om Truman te oortuig van die noodsaaklikheid om in Europese sake in te gryp
- **Na-oorlogse situasie in Europa en die Truman-leerstelling**
  - **Na-oorlogse vernietiging en armoede**, strawwe winters, swak oeste, ontevredenheid
  - **VK kan nie langer die regerings van Griekeland en Turkye teen kommunistiese opstande ondersteun nie** en het befondsing onttrek
  - As reaksie het die **Truman-doktrine van 1947 die Monroe-doktrine vervang** en die Verenigde State van Amerika is verbonde **om in Europese lande in te meng wat te kampe gehad het met 'gewapende minderhede' – Beleid van Beperking.**
  - Amerikaanse hulp aan Griekeland en Turkye stel albei in staat om **weerstand te bied teen kommunistiese opstande** en **die twee lande word in die Amerikaanse invloedsfeer opgeneem en word later lede van NAVO**
  - Franse en Italiaanse regerings word hierdeur aangemoedig en verban kommuniste uit hul regerings, word in die Amerikaanse invloedsfeer opgeneem
- **Die Marshall-plan**
  - Voorgestel deur George Marshall in 1948 – **bystand aan lande wat hulp benodig.** Aan alle Europese lande aangebied, slegs aanvaar deur Wes-Europese lande en Joego-Slawië (druk van die USSR)
  - 'n **Poging om Europa deur ekonomiese middele te beïnvloed, en die verdere verspreiding van kommunisme (beperking) te voorkom**
  - Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) gestig om bande tussen ontvangers van Marshall-hulp te versterk; hulp word onvoorwaardelik verleen, maar dien steeds om kapitalistiese demokrasieë van Wes-Europa te versterk en hulle by die Amerikaanse invloedsfeer te betrek

IEB Copyright © 2024

- **Sowjet-reaksies** (detail nie nodig nie – kan gebruik word om die impak van die VSA se aksies in die skep van 'n invloedssfeer/ verdere verdeling in Europa te bespreek)
  – Beskou TL en MP as **"ekonomiese imperialisme" en "dollardiplomasie"**, wat inbreuk maak op die soewereiniteit van Europese nasies, beskou die Verenigde State as aggressief en 'n bedreiging
  – COMINFORM (1947)
  – Sowjet-geborgde kommunistiese stakings in Italië en Frankryk poog om die herstel te ondermyn en negatiewe beeld van kapitalisme te skep
  – COMECON – ekonomiese alliansie van Oos-Europese state en die Sowjetunie, maar VS kan nie hulp stuur om herstel te bevorder nie
  – **Twee opponerende ekonomiese bondgenootskappe in Europa, elk onder die invloed van 'n Koue Oorlog supermoondheid, vererger dus Koue Oorlog spanning** – (moet op een of ander manier verwys na die idee van verdeling/ die idee van 'n skeiding/ toenemende spanning)
- Impak van die TL en MP en die **Berlynse Blokkade en Lugbrug**
  – Massiewe **herstel van Wes-Europa** in teenstelling met Oos-Europa
  – Kontras die duidelikste sigbaar in die verdeelde Berlyn
  – Konflik binne die mislukking van die Geallieerde Kontroleraad/ die skepping van Bizonia en Trionia, **die geldekrisis het gelei tot die Berlyn-blokkaad en Lugbrug** – 'n oomblik van erge verhoogde spanning in die Koue Oorlog, wat **die skeur tussen Oos en Wes vererger het**
  – **Die USSR het die Verenigde State van Amerika as 'n bedreiging gesien** en omgekeerd
  – Kan verwys na die 1953-protes en die VSA se voedselhulp, sowel as die toenemende beweging van mense van Oos na Wes na 1953 [opsioneel]
  – **Skepping van die FDR en DDR** – 'n meer permanente verdeling
  – **NATO** en die Warskou-verdrag
  – Vredestyd militêre alliansie wat **VSA se invloedsfeer uitbrei**
  – Kom na die Berlynse Blokkade tot stand
  – FDR sluit in 1955 by NAVO aan, wat **lei tot die skepping van die Warskou-verdrag**
  – Europa teen **1955 in twee gewapende kampe verdeel**, wat die bedreiging van die Koue Oorlog vergroot

OF

VRAAG 5

Verduidelik hoe die anti-oorlog- en studentebewegings die regering van die Verenigde State in die 1960's en 1970's teengestaan het, deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het gelei tot die groei van die anti-oorlog- en studentebewegings in die 1960's in die Verenigde State?
(b) Watter metodes het die anti-oorlog- en studentebewegings gebruik om regeringsbeleid in die 1960's en 1970's teen te staan?
(c) Watter impak het die anti-oorlog- en studentebewegings teen die 1970's op die Verenigde State gehad?

- Oorsake van die groei van die anti-oorlog- en studentebewegings
  – Ontevredenheid met en wantroue in die regering
  – **Baby boomers – getalle neem teen die middel-1960's by universiteite** toe (gee erkenning aan die begrip van die konsep, selfs al word die term nie gebruik nie)

IEB Copyright © 2024

  - **Geïnspireer deur burgerregte beweging**, neem baie aan stemreg veldtogte deel, bv. Freedom Summer. Met die bereiking van die Wet op Burgerregte en Stemregtewet, val die aandag op die Viëtnam-oorlog, kernwapens.
  - Toenemende **begrip/beweustheid van wêreldsake – televisienuus, beelde van die Viëtnamoorlog – "televisieoorlog"**
  - Groeiende welvaart en ekonomiese sekuriteit in die 1950's en 1960's stel meer mense in staat om universiteit toe te gaan waar hulle aan nuwe idees blootgestel word. **Universiteite is oorvol en toenemende ontevredenheid met verouderde leerplanne**
  - **Gruwels van die bedreiging van kernoorlog, Viëtnam-oorlog, vervreemding van die Koue Oorlog-mentaliteit**
  - Groei van New Left ideologieë en toenemende radikalisering van protes
  - Word dikwels met die doelwitte van die SMB geassosieer
- Organisasies en groepe
  - **Studente vir 'n Demokratiese Gemeenskap**
    - Gestig in 1960
    - New Left – Port Huron-stelling, **radikaal, glo aan deelnemende demokrasie** (moet'n begrip van oortuigings of benadering toon)
    - Studente- en anti-oorlogaktivisme
  - **Viëtnam Veterane teen Oorlog**
  - Radikale groepe, bv. Weathermen, Yippies [opsioneel]
- Voorbeelde van protes/teenstand (kandidate mag bepaalde voorbeelde bespreek – die fokus van die vraag is op die metodes, en hierdie moet geïllustreer word deur geselekteerde voorbeelde)
  - Women Strike for Peace-optogte (1961) [opsioneel]
  - Diensplig-ontduiking, diensplig-kaarte verbrand, en inhandiging van diensplig-kaarte
  - 1965 Washington betoging teen Viëtnam-oorlog (SDS)
  - 1968 Jeanette Rankin Brigade pasifistiese vrouegroep-optog [opsioneel]
  - 1970 Kent State-protes
  - 1971 Viëtnam-veterane se betogings (VVAW) – lê kranse by Arlington-begraafplaas, sommige probeer hulself as oorlogsmisdadigers by die Pentagon oorgee, gooi medaljes weg by die Capitol-gebou, betogings by die Hooggeregshof, beset Vryheidstandbeeld
  - SDS – **saamtrekke, toesprake, besettings van universiteitsgeboue, deelnemende besprekings** gerig op aksie, SDS-koerant, betogings by Dow Chemicals, 1968 studentestaking
  - **Vrye spraak-beweging** (gee erkenning aan begrip, selfs al word die term nie gebruik nie)
    - Universiteite verbied politieke bedrywighede by kampusse wanneer studente vir die Vryheidsomer gewerf word; sommige studente word geskors (veral Universiteit van Kalifornië, Berkeley)
    - Mario Savio se 'Bodies upon the gears'-toespraak – **eise vir vrye spraak, politieke aktiwiteit en akademiese vryheid op kampusse**
    - Besettings van universiteitsgeboue, bv. Sproul Hall (1964), Universiteit van Chicago administrasiegebou (1966)
    - Hippies (gee erkenning aan vermelding, maar moenie penaliseer vir weglating nie, want dit word nie in die vraag gespesifiseer nie) – teenkultuur as 'n metode om die regering te teenstaan, hulleself van die samelewing te verwyder, in 'n gemeenskap te leef, Woodstock as teenstand teen die regering
      - Impak van die anti-oorlog- en studentebewegings
  - Toenemende **teenstand teen Viëtnam-oorlog**
  - Volgehoue anti-oorlogprotes plaas **toenemende druk op die regering. Johnson staan nie vir 'n tweede termyn nie**

IEB Copyright © 2024

- Nixon stel ten minste gedeeltelik 'vrede met eer'/Viëtnamisering as gevolg van die betogings voor
- Kent State-slagting skok selfs die Amerikaanse publiek wat nie teen oorlog gekant was nie
- Volgehoue anti-oorlogbetogings is 'n belangrike rede vir die Amerikaanse onttrekking uit Viëtnam
- Universiteite brei hul leerplanne uit en laat meer politieke vryheid toe
- Verlaagde stemregouderdom

OF

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6

Verduidelik hoe die internasionale gemeenskap die apartheidstaat in die 1980's uitgedaag het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het daartoe gelei dat die internasionale gemeenskap in die 1980's ekonomiese stappe teen die apartheidstaat geneem het?

(b) Watter ekonomiese optrede het die internasionale gemeenskap geneem om die apartheidstaat in die 1980's teen te staan?

(c) Wat was die impak van hierdie ekonomiese optrede op die apartheidstaat teen 1989?

- Anti-apartheidbeweging oorsprong
  - Bereik hoogtepunt in die 1960's na Sharpeville-slagting en dan weer na die 1976-opstand/ **toenemende onderdrukking**
    - Toenemende kritiek op NP-regering by die VN
    - **Gekant teen onderdrukking van die swart meerderheid en die staat se toenemende geweld – verwys na Totale Strategie/ toenemende onderdrukking**
    - Totstandkoming van Britse en Ierse Anti-Apartheidsbewegings, beïnvloed deur uitgeweke Suid-Afrikaners. Swede en Nederland ondersteun die ANC
    - Britse AAB ontstaan in 1959 as boikotbeweging, kry steun van Trevor Huddleston, die Arbeidersparty (maar onttrek steun wanneer hulle aan bewind kom) en Britse vakbonde [opsionele inhoud]
    - Ierse AAB word middel 1960's gestig, rol van Kader Asmal [opsionele inhoud]
    - Amerikaanse en Britse regerings gekant teen sanksies teen Suid-Afrika, Thatcher en 'konstruktiewe betrokkenheid'. Koue Oorlog en vrees vir kommunistiese invloed spoor Britse en Amerikaanse regerings aan om Suid-Afrika nie te isoleer nie, ondanks toenemende uitgesprokenheid van die burgerlike samelewing in daardie lande
- **Ekonomiese boikotte**
  - **Die burgerlike samelewing boikot Suid-Afrikaanse goedere** (moet sommige voorbeelde gee)
  - vrugte, wyn
  - Dunnes-winkels boikot vrugte
  - Ierse boikotte van Suid-Afrikaanse steenkool en voedselprodukte
- **Disinvestering**
  - AAB betoog buite ondernemings wat in SA bedrywig is, om hulle te oorreed om te disinvesteer
  - Kan verwys na vroeër 1977 Sullivan-beginsels (Verenigde State) – riglyne vir Amerikaanse maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen, mag nie rassistiese praktyke, ongelyke betaling hê nie
  - Teen 1985 onttrek 18 Amerikaanse maatskappye hul Suid-Afrikaanse besighede of verminder dit aansienlik (General Electric, IBM, Coca-Cola)
  - 1985 Chase Manhattan weier die hernuwing van Suid-Afrikaanse lenings
  - Barclays Bank (VK) onttrek aan SA
  - 1986 US Comprehensive Anti-Apartheid Act – verbied nuwe beleggings in Suid-Afrika
- **Sanksies**
  - Ondersteun deur interne anti-apartheidsaktiviste, bv. Tutu
  - Mag kortliks verwys na vroeër 1977 VN wapenverbod (Brittanje en Frankryk staak die verkoop van militêre toerusting aan SA in 1978)

IEB Copyright © 2024

  - **Oproepe vir verdere sanksies neem toe ná Botha se "Rubicon"-toespraak in 1985** – geselekteerde voorbeelde
  - Die Europese Ekonomiese Gemeenskap verbied die verkoop van Krugerrande, steenkool, yster en staal uit Suid-Afrika
  - 1986 wêreldkonferensie oor sanksies sluit die VN, OAE, NAM
  - 1987 Vrywillige olieverbod, maar verpligte verbod word deur die VK en die VSA geveto
  - 1987 Noord-Europese lande totale verbod op handel met SA
- Impak op apartheidstaat
  - **Daling in die wisselkoers** lei tot enorme **inflasie**, (maar dit is ook as gevolg van die versterking van die dollar)
  - Suid-Afrika in 'n resessie gedompel (ook as gevolg van 'n daling in die goudprys)
  - **Ekonomiese stagnasie** en verlies aan internasionale kapitaal (wat die vermoë om goedere in te voer, beïnvloed), **druk op Suid-Afrikaanse besighede wat op hul beurt druk op die apartheidstaat toepas vir verdere hervorming**, party **sommige sakeleiers het ANC**-verteenwoordigers in die geheim ontmoet
  - Internasionale **steun vir interne aktivisme versterk vasberadenheid**, veral van die vakbonde
  - **Isolasie** van Suid-Afrika (hoewel beperk, aangesien nie alle lande aan sanksies deelneem nie, en Afrika-lande maak steeds staat op handelsbetrekkinge met Suid-Afrika)

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024